

DRAKENSTEIN MUNICIPALITY:

Drakenstein Municipality, by virtue of the powers vested in it by section 156(2) of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 (Act 108 of 1996), as amended, read with section 13 of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000), as amended, has made the by-law set out in the schedule below:

SCHEDULE

BY-LAW NO. 2/2002:
ESTABLISHMENT OF IMPROVEMENT DISTRICTS

1. INTERPRETATION

In this By-law, unless the context clearly otherwise indicates—

- 1.1 **“applicant”** means any owner who makes an application for the establishment of any improvement district in accordance with the provisions of 2;
- 1.2 **“improvement district”** means a geographic district approved in accordance with the provisions of 6;
- 1.3 **“improvement district plan”** means an improvement district plan as contemplated in 2.2.2.2;
- 1.4 **“levy”** when used as a noun in connection with the implementation of an improvement district plan, means a surcharge on fees for services provided by the management body on behalf of the Council as contemplated in 9.1;
- 1.5 **“management body”** means the management body of the improvement district to be incorporated or established in accordance with the provisions of 7;
- 1.6 **“owner”** means any registered owner of rateable property within the improvement district concerned;
- 1.7 **“rateable property”** means immovable property on which a rate or rates be levied in accordance with the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, the Local Government Transition Act, No 209 of 1993 or any other relevant legislation;
- 1.8 **“rates base in value”** means the total value of all immovable property within the boundaries of an improvement district established or proposed to be established in terms of this By-law as appears from the valuation roll prepared in accordance with the relevant legislation; and
- 1.9 **“the Council”** means the Council of Drakenstein Municipality.

2. APPLICATION

- 2.1 Any owner of rateable property located within the area of jurisdiction of the Council may apply to the Council for the approval of the establishment of an improvement district.
- 2.2 Any application in terms of 2.1 must—
 - 2.2.1 be in writing
 - 2.2.2 be accompanied by—
 - 2.2.2.1 written confirmation from owners owning not less than 25% (twenty-five percent) in number and representing not less than 25% (twenty-five percent) of the rates base in value of the rateable properties within the boundaries of the proposed improvement district that they support the establishment of an improvement district in that area;

MUNISIPALITEIT DRAKENSTEIN:

Munisipaliteit Drakenstein het uit hoofde van die gesag aan hom verleen deur artikel 156(2) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1966), soos gewysig, saamgelees met artikel 13 van die Wet op Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000), soos gewysig, die volgende verordening aanvaar, soos aangedui in die onderstaande skedule:

SKEDULE

VERORDENING NR. 2/2002:
DAARSTELLING VAN VERBETERINGSDISTRIKTE

1. WOORDOMSKRYWING

In hierdie Verordening, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken—

- 1.1 **“aansoeker”** enige eienaar wat ooreenkomstig die bepalings van 2 aansoek doen om die daarstelling van ’n verbeteringsdistrik;
- 1.2 **“belasbare eiendom”** vaste eiendom waarop ’n belasting of belasting ooreenkomstig die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, die Oorgangswet op Plaaslike Regering Nr. 209 van 1993, of enige ander tersaaklike wetgewing getref kan word;
- 1.3 **“belastingbasis in waarde”** die totale waarde van al die vaste eiendom binne die grense van ’n verbeteringsdistrik wat ingevolge hierdie Verordening daargestel is of daargestel gaan word, wat ooreenkomstig die tersaaklike wetgewing uit die waardasielys blyk;
- 1.4 **“bestuursliggaam”** die bestuursliggaam van die verbeteringsdistrik wat ooreenkomstig die bepalings van 7 geïnkorporeer of daargestel word;
- 1.5 **“die Raad”** die Raad van Munisipaliteit Drakenstein;
- 1.6 **“eienaar”** ’n geregistreerde eienaar van belasbare eiendom in die betrokke verbeteringsdistrik;
- 1.7 **“heffing”** wanneer dit met betrekking tot die implementering van ’n verbeteringsdistrikplan as naamwoord gebruik word, ’n toeslag op gelde vir dienste wat namens die Raad deur die bestuursliggaam gelewer word soos beoog by 9.1;
- 1.8 **“verbeteringsdistrik”** ’n geografiese distrik wat ooreenkomstig die bepalings van 6 goedgekeur is; en
- 1.9 **“verbeteringsdistrikplan”** ’n verbeteringsdistrikplan soos beoog by 2.2.2.2.

2. AANSOEK

- 2.1 Enige eienaar van belasbare eiendom wat binne die regsgebied van die Raad geleë is, kan by die Raad aansoek doen om die goedkeuring van die daarstelling van ’n verbeteringsdistrik.
- 2.2 Enige aansoek ingevolge 2.1 moet—
 - 2.2.1 skiftelik
 - 2.2.2 vergesel word van—
 - 2.2.2.1 skriftelike bevestiging deur eienaars wat nie minder nie as 25% (vyf-en-twintig persent) in getal besit, en nie minder nie as 25% (vyf-en-twintig persent) van die belastingbasis in waarde van die belasbare eiendomme in die grense van die voorgestelde verbeteringsdistrik verteenwoordig, dat hulle die daarstelling van ’n verbeteringsdistrik in daardie gebied ondersteun;

<p>2.2.2.2 an improvement district plan covering a three (3) year period substantially in such form as the Council may approve;</p> <p>2.2.2.3 proof that the provisions of 3 and 4 have been complied with; and</p> <p>2.2.2.4 payment of such fee (if any) as the Council may determine.</p>	<p>2.2.2.2 'n verbeteringsdistrikplan wat wesenlik 'n drie (3) jaar tydperk dek, in sodanige formaat as wat deur die Raad goedgekeur is;</p> <p>2.2.2.3 bewys dat die bepalings van 3 en 4 nagekom is; en</p> <p>2.2.2.4 betaling van sodanige gelde (indien enige) wat die Raad kan bepaal.</p>
<p>3. ADVERTISING OF INTENTION TO HOLD PUBLIC MEETING</p>	<p>3. ADVERTERING VAN VOORNEME OM OPENBARE VERGADERING TE HOU</p>
<p>An applicant must not earlier than thirty (30) days before submitting an application in terms of 2—</p>	<p>'n Aansoeker moet binne dertig (30) dae voor die indiening van 'n aansoek ingevolge 2—</p>
<p>3.1 cause to be published once in at least two (2) daily newspapers circulating in or near the vicinity of the proposed improvement district, notice of his or her intention to apply for the approval of an area therein as an improvement district; and</p> <p>3.2 in the advertisement referred to in 3.1 give notice of a public meeting to be held in accordance with the provisions of 4, which notice shall state the purpose of such meeting and shall contain details of the place, date and time when such meeting is to be held.</p>	<p>3.1 kennisgewing van sy of haar voorneme om aansoek te doen om die goedkeuring van 'n gebied wat hierin as 'n verbeteringsdistrik omskryf word, een maal in minstens twee (2) dagblaai wat in of in die omgewing van die voorgestelde verbeteringsdistrik versprei word, laat publiseer; en</p> <p>3.2 in die advertensie wat in 3.1 genoem word, kennis gee van 'n openbare vergadering wat ooreenkomstig die bepalings van 4 gehou sal word, welke kennisgewing die doel van sodanige vergadering aandui, en besonderhede van die plek, datum en tyd waar en wanneer sodanige vergadering gehou gaan word, bevat.</p>
<p>4. PUBLIC MEETING</p>	<p>4. OPENBARE VERGADERING</p>
<p>4.1 A public meeting must be held at such place, date and time as is advertised in terms of 3 at which meeting interested persons shall be—</p>	<p>4.1 'n Openbare vergadering moet op sodanige plek, datum en tyd gehou word soos wat ingevolge 3 geadverteer is, by welke vergadering belanghebbende persone—</p>
<p>4.1.1 furnished with all relevant information relating to the proposed improvement district including the practical implications thereof; and</p>	<p>4.1.1 al die tersaaklike inligting wat met die voorgestelde verbeteringsdistrik verband hou, met inbegrip van die praktiese implikasies daarvan, ontvang; en</p>
<p>4.1.2 given an opportunity to ask questions and express their views.</p>	<p>4.1.2 die geleentheid kry om vrae te vra en hulle menings te gee.</p>
<p>4.2 The place, date and time where the public meeting is held shall be subject to the prior approval of the Council.</p>	<p>4.2 Die plek, datum en tyd waar die openbare vergadering gehou word, is onderworpe aan die voorafgoedkeuring van die Raad.</p>
<p>4.3 The public meeting must be chaired by a suitably qualified person who shall be approved by the Council.</p>	<p>4.3 'n Paslike gekwalifiseerde persoon wat deur die Raad goedgekeur is, moet by die openbare vergadering as voorsitter optree.</p>
<p>4.4 The applicant must bear all costs of and incidental to the public meeting.</p>	<p>4.4 Die aansoeker moet alle koste van en bykomstig tot die openbare vergadering dra.</p>
<p>5. ADVERTISING OF APPLICATION AND OBJECTIONS</p>	<p>5. ADVERTERING VAN AANSOEK EN BESWARE</p>
<p>5.1 The applicant must—</p>	<p>5.1 Die aansoeker moet—</p>
<p>5.1.1 within fourteen (14) days after the application is lodged in accordance with 2 cause to be published a notice of the application once in the Provincial Gazette and once in two (2) daily newspapers circulating in or near the vicinity of the proposed improvement district; and</p>	<p>5.1.1 binne veertien (14) dae na die aansoek ooreenkomstig 2 ingedien is, 'n kennisgewing van die aansoek een maal in die Provinsiale Koerant en een maal in twee (2) dagblaai wat in of in die omgewing van die voorgestelde verbeteringsdistrik versprei word, laat publiseer; en</p>
<p>5.1.2 give written notice of the application by registered post or by hand delivery to all owners of rateable property within the proposed improvement district.</p>	<p>5.1.2 per geregistreerde pos of handaflewering skriftelike kennisgewing van die aansoek aan al die eienaars van belasbare eiendom in die voorgestelde verbeteringsdistrik gee.</p>
<p>5.2 Every notice contemplated in terms of 5.1 must state that written objections to the establishment of an improvement district and/or the provisions of the improvement district plan may be lodged with the Council within fourteen (14) days or such extended period as the notice may stipulate of the date of such notice.</p>	<p>5.2 Elke kennisgewing beoog by 5.1 moet aandui dat skriftelike besware teen die daarstelling van 'n verbeteringsdistrik en/of die bepalings van die verbeteringsdistrikplan binne veertien (14) dae of sodanige verlengde tydperk wat in die kennisgewing aangedui word, van die datum van sodanige kennisgewing by die Raad ingedien kan word.</p>
<p>5.3 Any owner of rateable property within the proposed improvement district or other interested person may submit written objections to the establishment of the improvement district, which objections must be received by the Council not later than the date stipulated in the notice in accordance with 5.2.</p>	<p>5.3 Enige eienaar van belasbare eiendom in die voorgestelde verbeteringsdistrik of ander belanghebbende persoon kan skriftelike besware teen die daarstelling van die verbeteringsdistrik indien, welke besware die Raad nie later nie as die datum wat ooreenkomstig 5.2 in die kennisgewing aangedui word, moet bereik.</p>

- | | |
|---|--|
| <p>5.4 The Council may allow the applicant, any objector and any other interested person or body to make oral presentation to it.</p> <p>5.5 The application and all comments and objections from objectors or interested persons or bodies with regard thereto shall be available for inspection at the offices of the Council.</p> | <p>5.4 Die Raad kan die aansoeker, enige beswaarmaker en enige ander belanghebbende persoon of liggaam toelaat om mondelinge vertoë tot hom te rig.</p> <p>5.5 Die aansoek en alle kommentaar en besware deur die beswaarmakers of belanghebbende persone of liggame in verband daarmee moet by die kantore van die Raad ter insae beskikbaar wees.</p> |
| <p>6. DECISION</p> <p>6.1 After the provisions of 2, 3, 4 and 5 have been complied with, the Council must, within thirty (30) days after the last date for submission of objections in accordance with 5.3—</p> <p>6.1.1 approve the establishment of an improvement district accordance with the improvement district plan; or</p> <p>6.1.2 approve the establishment of an improvement district and an improvement district plan with such amendments or conditions as the Council considers to be in the public interest; or</p> <p>6.1.3 refuse the application with written reasons for not approving the establishment of an improvement district or the improvement district plan; or</p> <p>6.1.4 refer the application back to the applicant for amendment on such manner as the Council may direct; or</p> <p>6.1.5 give such directions with regard to the application as the Council considers to be appropriate.</p> <p>6.2 If any applicant is refused by the Council in accordance with the provisions of 6.1.3 the applicant may at any time thereafter re-apply to the Council for the establishment of the improvement district. Provided that such re-application has been appropriately amended in the light of the reasons for refusal by the Council.</p> <p>6.3 If an improvement district plan is at any time before the approval thereof amended in any material respect, the Council may require that the application be re-advertised <i>mutatis mutandis</i> in accordance with the provisions of 5.</p> | <p>6. BESLUIT</p> <p>6.1 Nadat die bepalings van 2, 3, 4 en 5 nagekom is, moet die Raad binne dertig (30) dae na die laaste datum vir die indiening van besware ooreenkomstig 5.3—</p> <p>6.1.1 die daarstelling van 'n verbeteringsdistrik ooreenkomstig die verbeteringsdistrikplan goedkeur; of</p> <p>6.1.2 die daarstelling van 'n verbeteringsdistrik en die verbeteringsdistrikplan met sodanige wysigings of voorwaardes wat die Raad in die openbare belang ag, goedkeur; of</p> <p>6.1.3 die aansoek weier met skriftelike redes waarom die daarstelling van 'n verbeteringsdistrik of die verbeteringsdistrikplan nie goedgekeur word nie; of</p> <p>6.1.4 die aansoek terugverwys na die aansoeker vir wysiging op sodanige wyse as wat die Raad voorskryf; of</p> <p>6.1.5 sodanige voorskrifte wat die Raad gepas ag, ten opsigte van die aansoek gee.</p> <p>6.2 Indien 'n aansoek ooreenkomstig die bepalings an 6.1.3 deur die Raad geweier word, kan die aansoeker te eniger tyd daarna by die Raad heraanzoek doen om die daarstelling van die verbeteringsdistrik; met dien verstande dat sodanige heraanzoek paslik gewysig is op grond van die redes vir die Raad se weiering.</p> <p>6.3 Indien 'n verbeteringsdistrikplan te eniger tyd voor die goedkeuring daarvan op enige wesenlike wyse gewysig word, kan die Raad vereis dat die aansoek <i>mutatis mutandis</i> ooreenkomstig die bepalings van 5 heradverteer word.</p> |
| <p>7. ESTABLISHMENT OF AN IMPROVEMENT DISTRICT AND MANAGEMENT BODY</p> <p>7.1 After an application is approved in terms of 6 the improvement district plan may be implemented only after—</p> <p>7.1.1 notice of approval of the improvement plan has been published by the applicant once in a daily newspaper circulating in or near the vicinity of the proposed improved district; and</p> <p>7.1.2 written proof is provided to the Council by the applicant that not less than 50% (fifty percent) of the owners of rateable property who represent not less than 50% (fifty percent) of the rates base in value of the properties in the improvement district, approve the formation of the improvement district plan as approved by the Council.</p> <p>7.2 The applicant shall, before the improvement district plan is implemented in accordance with the provisions of 7.1 cause to be established a management body for the purpose of managing and controlling the implementation of the improvement district plan. Such management body shall be a company incorporated in accordance with the provisions of section 21 of the Companies Act (No. 61 of 1973, as amended) or such other legal entity as may be approved by the Council. The articles of association or other founding documents of the management body shall be subject to the prior approval of the Council.</p> <p>7.3 Owners of rateable property and tenants within the boundaries of the improvement district shall be entitled to be members of the management body; provided that—</p> | <p>7. DAARSTELLING VAN VERBETERINGSDISTRIK EN BESTUURSLIGGAAM</p> <p>7.1 Nadat 'n aansoek ingevolge 6 goedgekeur is, kan die verbeteringsdistrikplan geïmplementeer word slegs nadat—</p> <p>7.1.1 die aansoeker kennisgewing van die goedkeuring van die verbeteringsplan een maal in 'n dagblad wat in of in die omgewing van die voorgestelde verbeteringsdistrik versprei word, laat publiseer het; en</p> <p>7.1.2 skriftelike bewys deur die aansoeker aan die Raad voorsien word dat nie minder nie as 50% (vyftig persent) van die eienaars van belasbare eiendom wat nie minder nie as 50% (vyftig persent) van die belastingbasis in waarde van die eiendomme in die verbeteringsdistrik verteenwoordig, die daarstelling van die verbeteringsdistrikplan soos deur die Raad goedgekeur, goedgekeur.</p> <p>7.2 Die aansoeker moet voor die implementering van die verbeteringsdistrikplan ooreenkomstig die bepalings van 7.1 'n bestuursliggaam daarstel met die doel om die implementering van die verbeteringsdistrikplan te bestuur en te beheer. Sodanige bestuursliggaam is 'n maatskappy wat ooreenkomstig die bepalings van artikel 21 van die Maatskappywet (Nr. 61 van 1973, soos gewysig) geïnkorporeer is, of sodanige ander regspersoon wat deur die Raad goedgekeur is. Die statute of ander stigtingsdokumente van die bestuursliggaam is onderworpe aan voorafgoedkeuring deur die Raad.</p> <p>7.3 Eienaars van belasbare eiendom en huurders binne die grense van die verbeteringsdistrik is daarop geregtig om lede van die bestuursliggaam te wees; met dien verstande dat—</p> |

<p>7.3.1 the votes of members who are owners must be weighted in proportion to the levies to them;</p> <p>7.3.2 the weighting accorded to any one member may not exceed one third of the total number of votes which may be cast;</p> <p>7.3.3 members who are tenants may attend meetings and participate in the debate, but may not vote; and</p> <p>7.3.4 votes to which the Council member is entitled must be determined by the founding documents of the management body.</p> <p>7.4 The Council shall be entitled to appoint one (1) person to the board of directors or other executive (as the case may be) of the management body.</p>	<p>7.3.1 die stemme van die lede wat eienaars is, gelaai moet word in verhouding tot die heffings wat deur hulle betaalbaar is;</p> <p>7.3.2 die lading wat aan enige een lid toegeken word, nie een derde van die totale aantal stemme wat uitgebring kan word, mag oorskry nie;</p> <p>7.3.3 lede wat huurders is, vergaderings kan bywoon en aan debatte kan deelneem, maar nie mag stem nie; en</p> <p>7.3.4 die stemme waarop die Raadslid geregtig is, kragtens die stigtingsdokumente van die bestuursliggaam bepaal moet word.</p> <p>7.4 Die Raad is daarop geregtig om een (1) persoon in die direksie of ander dagbestuur (na gelang van die geval) van die bestuursliggaam aan te stel.</p>
<p>8. POWERS AND DUTIES OF MANAGEMENT BODY</p> <p>8.1 Within one (1) month after receipt of the first levy and in accordance with the budget of the improvement district plan, the management body shall commence to provide such services as are provided for in the improvement district plan.</p> <p>8.2 Services provided for in the improvement district plan and financed by the levy charged to the owners of the rateable property shall be in addition to or an enhancement of those provided by the Council.</p> <p>8.3 The levy due in terms hereof shall be a debt due to the Council; provided that the Council may cede to the management body its rights to payment thereof whereafter the management body may sue for and recover the amount by action in any competent court.</p> <p>8.4 The management body must within three (3) months of every financial year end provide the Council with—</p> <p>8.4.1 its audited financial statements for the immediately preceding financial year; and</p> <p>8.4.2 a written report with regard to the implementation of the improvement district plan.</p>	<p>8. BEVOEGDHEDE EN PLIGTE VAN BESTUURSLIGGAAM</p> <p>8.1 Die bestuursliggaam begin binne een (1) maand na ontvangs van die eerste heffing en ooreenkomstig die begroting van die verbeteringsdistrikplan, om sodanige dienste waarvoor die verbeteringsdistrikplan voorsiening maak, te lewer.</p> <p>8.2 Die dienste waarvoor die verbeteringsdistrikplan voorsiening maak en wat deur die heffing wat die eienaars van belasbare eiendom betaal, gefinansier word, is bykomstig tot of 'n uitbreiding van dié wat deur die Raad gelewer word.</p> <p>8.3 Die heffing wat ingevolge hiervan verskuldig is, is 'n skuld teen die Raad; met dien verstande dat die Raad sy regte tot die betaling daarvan aan die bestuursliggaam kan oordra, waarna die bestuursliggaam by wyse van aksie in enige bevoegde hof vir die bedrag kan dagvaar en dit kan verhaal.</p> <p>8.4 Die bestuursliggaam moet binne drie (3) maande na elke finansiële jaareinde die volgende aan die Raad voorsien—</p> <p>8.4.1 sy geouditeerde finansiële state vir die onmiddellik voorafgaande finansiële jaar; en</p> <p>8.4.2 'n skriftelike verslag ten opsigte van die implementering van die verbeteringsdistrikplan.</p>
<p>9. POWERS AND DUTIES OF COUNCIL</p> <p>9.1 When an improvement district has been established the Council will levy in accordance with the provisions of the Local Government Transition Act, 1993 or other relevant legislation a surcharge on fees for services provided by the management body on behalf of the Council from the owners of rateable property in the improvement district substantially in accordance with the approved improvement district plan.</p> <p>9.2 Such amount must be levied in addition to other amounts which the Council may levy from the owners of rateable property in respect of rates, levies, fees, taxes, duties and tariffs and the surcharge must be indicated as a separate item from other amounts levied by the Council.</p> <p>9.3 Levies collected by the Council for the city improvement district shall be paid to the management body monthly in advance on or before the 7th (seventh) day of each and every month, free of any deductions or set-off for the purpose of implementing the improvement district plan.</p> <p>9.4 All amounts received from an owner of rateable property in respect of rates, levies, fees, taxes, duties or tariffs due in law to the Council and/or any levies due to the Council in terms of this By-law, shall be applied first to rates and taxes and other amounts payable to the Council and thereafter to the payment of levies due in terms hereof.</p>	<p>9. BEVOEGDHEDE EN PLIGTE VAN DIE RAAD</p> <p>9.1 Wanneer 'n verbeteringsdistrik daargestel is, sal die Raad ooreenkomstig die bepalings van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 of ander tersaaklike wetgewing 'n toeslag op gelde vir dienste wat die bestuursliggaam namens die Raad lewer, op die eienaars van belasbare eiendom in die verbeteringsdistrik wesenlik ooreenkomstig die goedgekeurde verbeteringsdistrikplan hef.</p> <p>9.2 Sodanige bedrag moet gehef word bykomstig tot ander hydrae wat die Raad op eienaars van belasbare eiendom kan hef ten opsigte van eiendomsbelasting, heffings, gelde, belasting en tariewe, en die toeslag moet as 'n afsonderlike item van ander bedrae wat deur die Raad gehef word, aangedui word.</p> <p>9.3 Heffings wat deur die Raad vir die verbeteringsdistrik ingevorder word, moet maandeliks vooruit voor of op die sewende (7de) dag van elke maand aan die bestuursliggaam betaal word, sonder enige aftrekkings of verrekening, vir die doel om die verbeteringsdistrikplan te implementeer.</p> <p>9.4 Alle bedrae ten opsigte van eiendomsbelasting, heffings, gelde, belasting of tariewe wat regtens aan die Raad verskuldig is, en/of enige heffings wat ingevolge hierdie Verordening aan die Raad verskuldig is, en wat van 'n eenaar van belasbare eiendom ontvang word, word eerstens vir eiendomsbelasting en ander bedrae betaalbaar aan die Raad aangewend, en daarna vir die betaling van heffings wat ingevolge hiervan verskuldig is.</p>
<p>10. AMENDMENT OF AN IMPROVEMENT DISTRICT PLAN</p> <p>10.1 An improvement district plan may be amended by the Council on written application by the management body at any time after the formation of the improvement district.</p>	<p>10. WYSIGING VAN VERBETERINGSDISTRIKPLAN</p> <p>10.1 'n Verbeteringsdistrikplan kan deur die Raad gewysig word by skriftelike aansoek deur die bestuursliggaam te eniger tyd na die daarstelling van die verbeteringsdistrik.</p>

10.2 An amendment in terms of 10.1 which the Council in its sole and absolute discretion considers is not likely to materially affect the rights of interests of any person may be approved forthwith by the Council. Provided that the Council may in its sole discretion require the management body to cause notice of the application for such amendment to be published in a daily newspaper circulating in or near the vicinity of the improvement district.

10.3 An amendment in terms of 10.1 which the Council in its sole and absolute discretion considers is likely to materially affect the rights or interests of any person, and/or which affects the levy to be charged in respect of the improvement district, and/or which changes the boundaries of the improvement district, may only be approved by the Council *mutatis mutandis* in accordance with the provisions of 3, 4, 5 and 6. Provided that the Council may, for good reason, which it must record, exempt the management body from complying with any of such provisions.

11. DISSOLUTION OF AN IMPROVEMENT DISTRICT

11.1 The Council may dissolve an improvement district—

11.1.1 upon written application signed by not less than 50% (fifty percent) of the owners of rateable property and who represents not less than 50% (fifty percent) of the rates base in value within the boundaries of the improvement district; or

11.1.2 on any other cause,

whereupon the Council cause the management body to be wound up.

11.2 Upon an improvement district dissolved and/or management body being wound up, subject to any applicable laws relating to insolvency, the nett assets remaining after satisfying the creditors of the management body shall accrue and be transferred to the Council.

12. DELEGATION OF POWERS

The Council may delegate to any of its committees all or any of the powers, duties or functions which it is permitted or required to exercise or perform in terms of this By-law. — J. J. H. Carstens, Municipal Manager.

25 September 2002.

12213

10.2 'n Wysiging ingevolge 10.1 wat die Raad slegs na sy goeë dunks ag as sou dit onwaarskynlik die regte of belange van enige persoon wesenlik raak, kan onmiddellik deur die Raad goedgekeur word; met dien verstande dat die Raad slegs na sy goeë dunks kan vereis dat die bestuursliggaam kennisgewing van die aansoek om sodanige wysiging in 'n dagblad wat in of in die omgewing van die voorgestelde verbeteringsdistrik versprei word, laat publiseer.

10.3 'n Wysiging ingevolge 10.1 wat die Raad slegs na sy goeë dunks ag as sou dit waarskynlik die regte of belange van enige persoon wesenlik raak en/of wat die heffing wat ten opsigte van die verbeteringsdistrik gehef gaan word, raak, en/of wat die grense van die verbeteringsdistrik verander, kan slegs deur die Raad goedgekeur word *mutatis mutandis* ooreenkomstig die bepalings van 3, 4, 5 en 6; met dien verstande dat die Raad om 'n goeie rede, wat hy moet aanteken, die bestuursliggaam kan vrystel van die nakoming van sodanige bepalings.

11. ONTBINDING VAN 'N VERBETERINGSDISTRIK

11.1 Die Raad kan 'n verbeteringsdistrik ontbind—

11.1.1 by skriftelike aansoek wat deur nie minder nie as 50% (vyftig persent) van die eienaars van belasbare eiendom en wat nie minder nie as 50% (vyftig persent) van die belastingbasis in waarde binne die grense van die verbeteringsdistrik verteenwoordig, onderteken is; of

11.1.2 om enige ander goeie rede,

waarna die Raad die bestuursliggaam kan laat likwideer.

11.2 By die ontbinding van 'n verbeteringsdistrik en/of die likwidasie van 'n bestuursliggaam, onderhewig aan enige toepaslike wette aangaande insolvensie, val die netto bates wat na bevrediging van die krediteure van die bestuursliggaam oorbly, die Raad toe en word aan die Raad oorgedra.

12. DELEGERING VAN BEVOEGDHEDDE

Die Raad kan al of enige van die bevoegdhede, pligte of funksies wat hy ingevolge hierdie Verordening toegelaat of vereis word om uit te oefen of te verrig, aan enige van sy komitees deleger. — J. J. H. Carstens, Munisipale Bestuurder.

25 September 2002.

12213